

22 JUNIE

**SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 18:1-46
FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 18:39**

Die Here is God, die Here is God!

In die dae van groot droogte en geestelike verval in Israel daag die profeet Elia die Baälprofete uit tot 'n gebedstweestryd. Die bulle word op die altare gereed gelê vir die offer, maar die vuur mag hulle nie self aansteek nie. Dan word daar tot Baäl gebid, terwyl Elia God aanroep. Die ooreenkoms van Elia met die volk is (vs. 24): "Hy wat met vuur antwoord, is God." Na 'n hele dag se vergeefse gebede tot die afgod Baäl, gebeur daar net mooi niks nie! Elia spot selfs met die profete van Baäl (vs. 27): "Roep harder! Hy is mos 'n god! Miskien is hy diep in gedagte of gou bietjie uit, of op reis, of dalk slaap hy en moet hy eers wakker word!" Selfs die bloed van die profete wat hulle self kasty, help niks nie.

Dan in antwoord op een eenvoudige maar hartgrondige gebed, antwoord God Elia met vuur uit die hemel. Hy wat met vuur antwoord, is God.

Jakobus (5:16) skryf later hieroor: "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Jesus self leer ons dat die krag van die gebed nie geleë is in die ydele herhaling van 'n klomp woorde nie, maar in God self (Matt. 6).

Ja, Die Here is God, die Here is God! Hy antwoord ons gebede met krag uit die hemel. Hy hoor sy kinders wat eerlik tot Hom roep. Hy doen dit ter wille van sy Seun, Jesus Christus, van wie Johannes sê (Matt. 3:11): "Hy wat ná my kom ... sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop." Deur daardie vuur wat die Heilige Gees in die hart aansteek, kom elke opregte bidder meer en meer tot dieselfde belydenis as die Israeliete (1 Kon. 18:39): "Die Here is God! die Here is God!"

Ds Marten van Helden (Centurion)